

Kinders se Handves van Geletterdheid



Geletterdheid is die grondslag van opvoeding en die poort tot 'n suksesvolle lewe as volwassene in die moderne wêreld. Hierdie handves nooi volwassenes oor die hele Suid-Afrika heen om seker te maak dat die omstandighede wat suksesvolle geletterdheid by kinders ondersteun, tot al ons kinders se beskikking is, sodat hulle reis na geletterdheid op persoonlike vlak vir hulle lonend en op opvoedkundige vlak suksesvol sal wees.

1 Lees vir genot: Alle kinders behoort van hul vroeë kinderjare af te ervaar hoe dit is om lees en skryf te verken bloot vir hul eie genot en bevrediging in hulle huistaal en addisionele tale.



2 Stories: Alle kinders behoort gereeld geleenthede te kry om na stories uit Suid-Afrika, Afrika en vanoor die wêreld heen te luister, dit te lees en daaroor te praat.

3 Verken die wêreld: Alle kinders behoort daaglik geleenthede te kry om lees en skryf te gebruik om hulle te help om die lewe te verken uit beide 'n denkbeeldige en realistiese perspektief. Hierdie geleenthede stel hulle in staat om oor hulself en ander te leer terwyl hulle hul veranderende plek in die wêreld verken, en ook uitvind hoe hulle daartoe kan bydra.

4 Inspirasie: Kinders van alle ouderdomme het mense nodig wat vir hulle lees op maniere wat hulle inspireer om self te wil lees. Familielede by die huis, onderwysers in hul klaskamers en bibliotekaris by plaaslike of skoolbiblioteke behoort gereeld hardop vir kinders te lees.

5 Rolmodelle: Volwassenes moet vir kinders as rolmodelle vir lees en skryf dien. Kinders moet sien hoe volwassenes by die huis en skool, en in hul gemeenskappe lees en skryf gebruik om dinge gedoen te kry, om te leer en vir vermaak.

6 Leer lees en skryf: Alle kinders op skool het die reg om te leer lees en skryf by onderwysers wat vaardig en inspirerend is en met hulle in die taal/tale kan kommunikeer wat hulle verstaan, om die kinders sodoende aan wonderlike stories en interessante tekste bloot te stel tydens hul lesse.

7 Tyd en plek: Kinders moet genoeg en gereeld vrye tyd hê om te ontspan en te lees. Hulle het ook stil plekke nodig waar hulle dit kan doen.

8 Toegang tot materiaal: Kinders moet maklik 'n verskeidenheid lees- en skryfmateriaal in hul onmiddellike omgewing kan vind. Hulle het toegang tot 'n groot verskeidenheid storie- en ander boeke nodig, of dit hul eie is, of by skool- of openbare biblioteke uitgeneem word naby genoeg aan waar hulle woon. Hulle moet ook omring wees deur die gedrukte woord in tale wat hulle ken en verstaan.

9 Boeke om te inspireer: Kinders het die reg tot boeke van goeie gehalte, met skryfwerk en illustrasies van hoë gehalte, opwindende storielyne en inligting wat hulle interesseer. Goeie boeke sal die grootste kans hê om kinders "aan te skakel" sodat lees 'n lewenslange gewoonte sal word.

10 Keuse: Kinders moet geleenthede kry om soms te kies wat hulle wil lees en ander kere moet hulle leiding kry van volwassenes. As hulle self kies, help dit kinders om bekwame lesers te word, want dit stel hulle in staat om kriteria te ontwikkel vir die soort boeke waarin hulle belangstel.



11 Aanmoediging: Kinders verdien dat al hul lees- en skryfpogings deur die volwassenes in hul lewens gevier word, en moet aangemoedig word om hul gebruik van geskrewe of gesproke taal voortdurend uit te brei. Op hulle reis na geletterdheid sal kinders soms dinge verkeerd kry, en soms sal hulle dit regkry. Dit, saam met aanmoediging, is hoe ons almal leer.

